



## Nederlandse Geloofsbelydenis

### Artikel 30

#### DIE REGERING VAN DIE KERK

I Korintiërs 14:40 stel "*Alles moet eger gepas en ordelik geskied.*" Hierdie teksvers het allereers met die erediens te make. In 'n gemeente waar charismatiese eredienste (in moderne terme gestel) aan die orde van die dag was, het Paulus geroep vir orde en struktuur. Hierdie oproep het natuurlik ook betrekking op die ander handeling van die kerk. Kerk kan nooit in chaos en wanorde bestaan of oorleef nie. Christus is die hoof van die kerk, maar hier en nou moet mense in gehoorsaamheid aan Hom die kerk bestuur.

Sommige se antwoord is om hulself te sien as gelowiges wat los van die kerk hulle geloof ten volle kan uitleef. Dit moet net weer beklemtoon word dat die Nuwe Testament (en daarmee saam die Ou Testament) nie 'n kategorie van gelowiges ken wat los van die geloofsgemeenskap kan bestaan nie. Lidmaatskap van die kerk is belangrik omdat dit by die kerk is waar die Evangelie verkondig word, die sakramente bedien word en mense aangemoedig word (tug) om in lyn met die Evangelie dankbaar te lewe. Die Reformatore was ook oortuig dat lidmaatskap van die kerk belangrik is, nie omdat die kerk genade uitdeel as iets wat aan die kerk toevertrou is nie, maar genade verkondig in gehoorsaamheid aan God se opdrag. Dit is dan waaraan mense hulle lidmaatskap laat meet: "*Tree hierdie kerk op soos die kenmerke suggereer?*"

Die feit dat gelowiges by die ware kerk moet aansluit, impliseer dat daardie kerk se aktiwiteite en bestuur ordelik moet geskied. Dit is derhalwe vanselfsprekend dat daar 'n gehoorsame bestuurswyse in die kerk moet bestaan. Die geloofsgemeenskap is saam besig om die Here te dien. Belangrike besluite moet geneem word, verantwoordelike persone moet verseker dat alles ordelik geskied. "Kerk" impliseer dat die dokument wat die kerk in aansyn roep, beslis as eerste bron gebruik moet word om die bestuur van die kerk te orden. Dit is eintlik logies dat die liggaam van Christus (kerk) na Sy voorskrifte gestruktureer sal wees en nie na die lukraak begeertes van mense wat selfgesentreerd kan wees nie.

Al is dit waar dat tye verander, moet die basiese veronderstelling wees dat die kerk na die wil van die Hoof georden sal wees. Daar is kosbare werk wat deur slim mense gedoen word rondom effektiewe bestuursmodelle. Daar is indrukwekkende kerk-groei modelle en strukture wat voorgestel word. Die versoeking is altyd om daardie mensgemaakte en eie-wil gedrewe konsepte op die kerk toe te pas. Dit is veral die gees van die tyd wat voorspoed en groei vereis, wat kerke verlei na aardse modelle daarstel. "Kerk" is nie 'n besigheid of 'n persoonlike onderneming nie, die kerk behoort aan die Here en moet daarom eerste en laaste na die Here luister. Daar is baie kennis en vaardighede in die sake-sektor en die advertensiewese (byvoorbeeld) wat geleer en met groot vrug toegepas kan

word. Die kerk se kernbestuur bly aangewese op die Skrif se diktate.

Ter illustrasie 'n eietydse voorbeeld: Rick Warren se gedagtes aangaande doel-gedrewe geloof en doel-gedrewe kerk het groot aanhang. Gesien vanuit die NGB en die Bybel, is die kern van sy benadering problematies. Hy veronderstel dat 'n persoonlike doel, of 'n gemeenskap se konsensus-doel, bepaalend gaan wees in geloof en kerkwees. Agter sy doel-gedrewe denke is die moderne gees van vooruitgang en voorspoed. Gehoorsaamheid, Evangelieverkondiging en bediening van die sakramente is die hart van die kerk se bestaan. Warren span die kar voor die perde in en maak doel die kern, eerder as 'n nuttige instrument en bysaak.

Jesus is Heer en Hoof. Teksgedeeltes soos Efesiërs 1:22–23, en Efesiërs 4:11–12 maak dit baie duidelik; Hoe lyk die kerk hier op aarde in terme van bestuur? Die teks van Artikel 30 lui:

**Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word. Daar moet naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien; ook ouderlinge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm. Deur hierdie middel moet hulle sorg dra dat die ware godsdiens onderhou, die ware leer oral versprei, die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou en die armes en bedroefdes ook volgens hulle nood gehelp en getroos word. Op hierdie wyse sal alles in die kerk behoorlik en ordelik geskied wanneer betroubare persone gekies word**

**ooreenkomstig die voorskrif wat die apostel Paulus in die brief aan Timoteus daarvoor gee.**

Die onderverdeelde teks van die NGB is in **vetdruk**, die kommentaar in gewone druk en aanhalings is in *skuinsdruk*.

## **DIE REGERING VAN DIE KERK**

**Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word.**

Kerk en geloof hoort bymekaar, op meer as een vlak. Sover dit die bestuur van die kerk betref, is dit belangrik om dit met geloofsoortuiging te doen. Die bestuur van die kerk moet eerstens op geestelike vlak verstaan word. Daarmee word duidelik gestel dat die kerk nie 'n besigheid, 'n regeringskantoor of 'n sosiale klub is nie. Die eerste vlak van bestuur wat hier te sprake is, is die plaaslike kerk/gemeente. Die konsep van denominasie en sinodale struktuur is 'n latere toevoeging.

Dit gaan primêr oor die kerk midde in die gemeenskap. Hierdie kerk/gemeente moet regeer word op geestelike wyse. Die beste, die enigste plek waar riglyne vir hierdie geestelike bestuurswyse gevind kan word, is daar waar God dit in Sy Woord openbaar het.

**Daar moet naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien;**

Die lys van mense aan wie die bestuur toevertrou word, begin met dienaars of herders. Daar is natuurlik meer metafore as hierdie twee wat gebruik kan word om die verkondigers van die Woord aan te

dui. Die lys wat gebruik word om verkondigers aan te dui, wyk af van die lys wat ons in die Bybel vind. Die Bybel verwys ook na apostels. Ons weet dat die era van die Apostels verby is met die afsterwe van die laaste Apostel. 'n Stuk realisme moet intree en mense moet besef dat sekere eras tot 'n einde kom. Diegene wat die Woord verkondig, kan nie meer as apostels aangedui word nie, en tog kan nuwe verkondigers die Evangelie suiwer verkondig.

Dit is opmerklik dat die metafore wat hier gebruik word (dienaars en herders) terme is wat dwing tot nederigheid. Diegene wat die kerk op geestelike wyse moet bestuur, doen dit nie vanuit 'n posisie van mag of gesag nie. In dieselfde asem moet ons ook kennis neem daarvan dat die eerste taak van die Woord verkondigend nie bestuur of administrasie is nie. Bestuur word aan al drie die ampte toebedeel. Die verkondiger se primêre fokus moet bly op verkondiging en bediening van die sakramente.

### **ook ouderlinge en**

Die tweede groep mense aan wie die bestuur toevertrou word, is die ouderlinge wat 'n besondere taak gehad het om leiding te neem in die eerste gemeentes. Ouderlinge is die hoeksteen van die gemeente wat verseker dat alles op Christus gerig is en dat alle diens aan die Here ordelik geskied. Hulle is die mense wat met sorg gelowiges begelei en dissiplineer om elkeen so in die geloof by te staan. Die dienswerk van die ouderlinge het wortels wat skiet tot in Eksodus 18:13vv toe Jetro Moses oortuig het om betroubare manne te kry om hom in sy taak by te staan.

Daar is baie tekste wat gebruik kan word om in die eerste kerk die aanstelling van ouderlinge te illustreer, daar word met twee volstaan: Handeling 14:23 "*In elke gemeente het hulle ouderlinge gekies. Nadat die gemeente gebid en gevas het, het die apostels hulle opgedra aan die Here, in wie hulle nou geglo het*", en Titus 1:5 "*Ek het jou op Kreta agtergelaat met die bedoeling dat jy die dinge wat nog gereëel moes word, in orde moet bring en dat jy in elke dorp ouderlinge moet aanstel soos ek dit aan jou opgedra het.*"

### **diakens**

Die diakens se fokus is op barmhartigheid. Ons lees van die behoefte en die eerste diakens in Handeling 6. Oor die amp van ouderling en diaken kan die leser gerus verwys na die formuliere van bevestiging. Uit die oorsprong van die amp van diaken is dit duidelik dat diakens die hande van die verkondiger sterk en dit moontlik maak vir die verkondiger om te fokus op die eintlike taak, naamlik Woordverkondiging. Barmhartigheid na meer as die gees aan geloofsgenote, is 'n goeie byproduk.

### **om saam met die herders die kerkrad te vorm.**

Verkondigers, ouderlinge en diakens vorm saam die kerkrad of bestuur van die plaaslike kerk/gemeente. Elkeen het eintlik 'n ander primêre fokus. Tog is die kombinasie van roeping die regte een vir die geestelike bestuur van die kerk. Die verkondigers fokus op verkondiging en toets alles dan teen hierdie agtergrond, die ouderlinge bestuur en lei, terwyl diakens verseker dat alles in barmhartigheid geskied.

**Deur hierdie middel moet hulle sorg dra dat die ware godsdiens onderhou,**

Wat is die taak van die kerkraad? Die kerkraad moet verseker dat die ware godsdiens onderhou word. Dit behels die suiwer leer en reine lewe van die kerk en lidmate.

**die ware leer oral versprei,**

Dit gaan nie net om die suiwer Evangelie intern onderhou nie, dit gaan ook oor verkondiging. Hierdie verkondiging geskied by wyse van sending, evangelisasie en apologetiek. Die eerste twee ken ons, die apologetiek word eintlik afgeskeep. Apologetiek word definieer as "*leer of wetenskap van die verdediging op redelike gronde, veral van die waarheid van die Christendom of van 'n bepaalde kerklike belydenis teenoor besware van wêreldbeskouing; wetenskap van die geloofsverdediging.*" Hierdie verdediging van die ware leer is veral van belang in die teenwoordigheid van soveel dwalinge wat deur kerke nagejaag word. Dit beteken dat die plaaslike gemeente 'n verpligting het teenoor ander kerke om hulle op foute te wys.

**die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou**

Die kerkraad het 'n verpligting teenoor die gemeenskap van gelowiges om op geestelike manier die onordelikes aan te spreek. Dit beteken nooit dat daar vanuit 'n posisie van mag geraas en sensuur uitgedeel word nie. In die era waarin die toksiese dampe van "menseregte" selfs verhoudings in die kerk wil beheer, is hierdie taak eerder van groter belang. Daar is lesse uit die tema van regte te leer. Die kerk word dalk juis teruggedroep na 'n benadering wat "geestelik"

opbouend is en wat waarlik vermaan en in toom hou.

**en die armes en bedroefdes ook volgens hulle nood gehelp en getroos word.**

Dit is die gesamentlike taak van die kerkraad om armes te versorg. Hierdie versorging moet juis die hele mens betrek en nie net die fisiese behoeftes aanspreek nie. Barmhartigheid is baie meer as net pakkies kos en klere uitdeel. Die troos van mense in hulle ellende is soms die groter behoefte en nood, ook in gelowiges se bestaan. Dit is duidelik dat die groep wat hier onder bespreking is, gelowiges is wat in nood verkeer. Die diakonie moet nie in die ope mark van barmhartigheid kompeteer en net nog 'n bydrae lewer nie. Medemenslikheid en hulp aan die vreemdeling en onderdrukte is goeie Bybelse gedagtes. Dit is egter nie net die taak van die kerkraad nie, dit is die roeping van elke gelowige.

**Op hierdie wyse sal alles in die kerk behoorlik en ordelik geskied wanneer betroubare persone gekies word ooreenkomstig die voorskrif wat die apostel Paulus in die brief aan Timoteus daarvoor gee. (I Timoteus 3:1-11)**

In gehoorsaamheid aan die Bybel kan 'n gemeente goed bestuur word; indien die voorskrifte nagevolg word. Die belangrike klem wat hier geplaas word, moet onderstreep word. Jy maak nie iemand betroubaar deur daardie persoon in die amp te bevestig nie. Dit is betroubare persone wat in die amp bevestig word.